

30 Mei

Skrifgedeelte: Psalm 25

Fokusgedeelte: Psalm 25:10

Jou "sonpad" en jou "donker pad"

Die Here loop met elke kind van Hom verskillende paaie.

Daar is die *sonpad*.

Elkeen van ons bevind ons een of ander tyd tydens ons aardse lewe op die Sonpad: voorspoed, geluk en vrede. Daar is onder ons die besonder begenadigdes wat vir lang tye die Sonpad loop. Daar hoor jy die vreugdelag en merk jy die onbesorgde lewensgang wat God in sy groot genade oor ons uitstort. Die Here is goed en vol liefde vir 'n arme sondaar. Jy, daar op die Sonpad, is jy nog naby God?

Daar is ook die *donker pad*.

Hierdie pad loop die Here ook een of ander tyd met ons. Wie ken nie die smart en vernedering en sonde nie, trane wat drup op die donker lewenspad? Dit is die pad van opoffering, teleurstelling, verontregting en stryd.

Hierdie pad is niks lekker nie. As die Here ons op hierdie pad lei, is daar opstand, ontevredenheid en klagtes. Ons bid dan: Dit is nou genoeg Here, neem weg die donker, ek wil net die sonpad loop!

Die psalmdigter antwoord: "Al die paaie van die Here is goedertierenheid en trou..."

Die sonpad kan ek verstaan as 'n pad van liefde en trou.

Soek ek ook op die donker pad die liefde en trou?

God se paaie is altyd goeie paaie, want God is net goed! Net jy wat kinderlik glo, sal dit verstaan. Daardie donker pad is 'n liefdespad wat jou lei, sodat jou lewenspad sal eindig by 'n liefdevolle ontvangs in jou hemelse tuiste.

As jy op die sonpad is, erken dat dit God is wat jou die pad laat loop en dank Hom met opofferende liefde. Bid altyd: Here maak my klein en nederig!

As jy op die donker pad is, smeeek God dat Hy jou geloofsoog sal open om Hom raak te sien as jou Reisgenoot. Bid dat die Here jou sy donkerpad aan die kruis sal laat raaksien. Bid vir geduld totdat hy jou nag in daeraad omkeer.

Onthou, of jou pad 'n sonpad of donkerpad is, dit is altyd die regte pad!

Ds J Marais (Nigel)